

Die huidige slenkalkoors-entstof het nie voldoende beskerming aan 'n aantal diere wat daarmee ingeënt is gebied nie, veral in die Graaff-Rienet/Aberdeen-distrikte, het prof Leon Prozesky, 'n veteriniere patoloog, bevind in 'n ondersoek wat hy in opdrag van Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) gedoen het.

Tog het prof Prozesky ook bevind dat die meerderheid boere wat van die entstof gebruik gemaak het, tevrede is dat dit hul diere teen slenkalkoors beskerm het.

Hy het aan die hand van die beskikbare inligting die afleiding gemaak dat 'n onderbreking in die koue ketting, foutiewe entstofproduksie of foutiewe entstof-toedieningstegnieke nie verantwoordelik gehou kan word vir die feit dat daar nie voldoende beskerming teen die siekte was nie.

Dit blyk dat verskeie virusdraende diere, veral gedurende die laaste kwartaal van 2011 en die eerste kwartaal van 2012 met die lewendige slenkalkoors-entstof ingeënt is. Dit is die ideale situasie vir die ontwikkeling van sterker virusstamme van die siekte.

Dit kan ook wees dat die entstof gefaal het omdat die infeksie oorweldigend was.

Verder het prof Prozesky uitgewys dat diere selfs tydens 'n siekte-epidemie weens ander redes kan vrek en dat daar dan verkeerdelik aanvaar word dat die dier aan slenkalkoors gevrek het omdat die entstof ondoeltreffend was. Hoewel daar tydens die slenkalkoors-uitbrekings ook ander siektes soos Wesselsbronsiekte, bloutong en interne parasiete gediagnoseer is, is daar tog oorweldigende getuienis dat slenkalkoors die hooforsaak van vrektes was. In die verlede is Wesselsbronsiekte dikwels saam met 'n uitbreking van slenkalkoors gediagnoseer.

'n Kenner op die gebied van slenkalkoors, prof Robert Swanepoel, het ook namens die OBP 'n ondersoek na die doeltreffendheid van die slenkalkoors-entstof gedoen. Hy het bevind dat al die entstowwe wat in die betrokke gebiede waar dit nie goed gewerk het nie gebruik is, aan alle spesifikasies voldoen het. 'n Ontleding van

alle rekords met betrekking tot verkope en aanwending het aan die lig gebring dat die meeste entstowwe in die betrokke gebiede verkoop is nadat die siekte op sy felste was, ondanks waarskuwings dat boere vroegtydig teen slenkalkoors moet inent.

Volgens prof Swanepoel is dit weens verskeie redes gevaarlik om diere gedurende slenkalkoorsuitbrekings teen die siekte in te ent:

- Ingeënte diere mag nie genoeg tyd hê om doeltreffende weerstand op te bou voor die siekte uitbreek nie. In sommige gevalle mag diere selfs draers van die siekte wees teen die tyd dat hulle ingeënt word, met die gevolge dat die persepsie ontstaan dat die entstof nie gewerk het nie. Die ongeaktiveerde entstof wat normaalweg veilig is om te gebruik, neem langer om doeltreffend weerstand teen die siekte te bied as die ander entstowwe.
- Die oorgrote meerderheid van diere word met outomatiese inspuitings toegedien, en dié inspuitings word nie gereeld vervang nie. Op dié manier kan een besmette dier die ander diere aansteek as dieselfde spuitnaald gebruik word.
- Die feit dat mense in sommige gevalle ook met die slenkalkoors-virus besmet is deur middel van 'n spuitnaald wat besmette bloed bevat het, dui daarop dat dit vir mens en dier gevaarlik is om inentings tydens uitbrekings van die siekte te ondergaan.
- Die gebruik van die lewendige Smithburn-entstof op dragtige diere kan tot aborsies lei, maar boere en veeartse beskou dit as 'n mindere risiko in vergelyking met die moontlikheid van 'n uitbreking van die siekte.

Prof Swanepoel het aangedui dat hoewel daar verskille in die onderskeie slenkalkoors-virusstamme voorkom, dit nie die rede behoort te wees dat die slenkdal-entstowwe nie doeltreffend was nie, omdat daar kruisweerstand tussen alle virusstamme van die siekte behoort te wees.

Hy het bevind dat hoewel daar verskille tussen die doeltreffendheid van die entstowwe tussen verskillende veespesies is, daar geen bewyse gevind kon word dat die slenkalkoors-entstowwe in die tydperk van 2008 tot 2011 op 'n groot skaal misluk het nie. Daar is in 2011 altesaam 35 klagtes dat die entstof misluk het, uit die Oos-Kaap ontvang in verband met die gebruik van drie OBP-entstowwe sowel as 'n ongeregistreerde entstof in 'n diverse groep van diere. Verskeie probleme is met verskeie intervale ondervind, maar geen vasgestelde patroon kon gevind word nie. Daar is verbasend min klagtes oor die betrokke entstof uit die res van die land ontvang, ondanks die feit dat dit tergelykertyd in verskeie provinsies gebruik is.

Volgens prof Swanepoel is dit nie net in Suid-Afrika waar boere nalaat om hul vee gereeld teen slenkalkoors in te ent nie. In die lig van die feit dat die siekte vir 30 jaar lank glad nie voorgekom het nie, is dit verstaanbaar waarom boere dit nie gereeld doen nie. Dit is ook onekonomies vir entstofvervaardigers om voldoende voorrade van die entstof vir sulke lang tydperke in stand te hou, wat beteken dat dit altyd moeilik is om tydens uitbrekings aan die aanvraag na die entstowwe te voorsien. Die saak word verder bemoeilik omdat dit nie net lank neem om entstowwe te vervaardig nie, maar ook om veiligheid - en doeltreffendheidstoetse vir elke besending entstowwe te doen.

Daarom is daar internasionale pogings om uitbrekings van slenkalkoors te voorspel deur klimaat- en weerstoestande wat bevorderlik sal wees vir die uitbrei van die muskiet wat 'n draer van die siekte is, te monitor. In dié stadium is die stelsel nog nie akkuraat nie en die ontleding van inligting is onvoldoende, wat dit moeilik maak om veeboere te oortuig om op die waarskuwings te reageer.

Prof Swanpoel het aanbeveel dat OBP sal voortgaan om die slenkalkoors-entstowwe te ondersoek en dit moontlik met ander entstowwe te kombineer sodat die inenting van vee 'n gereelde en outomatiese praktyk onder boere sal raak. OBP moes vroeër op klagtes gereageer het en 'n reaktiewe/ondersoekspan moet aangestel word om op alle navrae te reageer en seker te maak dat die gepaste inligting en monsters so gou as moontlik versamel word.

Hy het sy bekommernis uitgespreek oor die diagnostiese kapasiteit vir slenkalkoors in Suid-Afrika. Baie min slenkalkoors-virus-isolering is van vee van 2008 tot 2011 verkry in vergelyking met isolering van die siekte by mense. Dit is belangrik dat daar argief-voorraad van virus-isolate sal wees om toekomstige studies te doen en klagtes oor entstowwe te ondersoek.

OBP het in sy eie ondersoek bevind dat alle entstowwe wat vervaardig is, aan alle voorskrifte en spesifikasies voldoen het. Hoewel daar klagtes vanuit die Graaff-Rienet/Aberdeen-distrikte ontvang is, was die oorgrote meerderheid van boere tevrede met die resultate van die entstowwe. OBP het tussen April 2010 en Mei 2011 meer as 40 miljoen dosisse van die die Smithburn-entstof, slenkalkoors Kloon 13 en die ongeaktiveerde slenkalkoors-entstof geproduseer. Dit het die Suid-Afrikaanse kudde tot 'n groot mate beskerm, en daarsonder sou die uitwerking van slenkalkoors-uitbreking baie erger gewees het.

Beide OBP en Bayer, die grootste verspreider van die slenkalkoors-entstof, is vol vertroue dat die koue ketting tussen Bayer en die koöperasies nie verbreek is nie.

Dit is onwaarskynlik dat die slenkalkoors-entstof nie voldoende beskerming teen die siekte gebied het nie, aangesien daar geen bewyse van 'n nuwe virusstam van die siekte gevind kon word nie.

OBP is verder bewus van die feit dat ongeregisteerde entstowwe veral in die gebiede waar die entstof na bewering nie gewerk het nie, gebruik is, maar heelwat ondersoeke sal nog gedoen moet word alvorens 'n finale slotsom oor die saak gemaak kan word.